


# NUUSBULLETIN

**AUGUSTUS 2022**

## MAANDELIKSE PRAATJIE

**Maandag, 29 Augustus 2022 @ 10h00**
**Die Waenhuis, Jagersbosch**

### UIT DIE VUIS
### (Ervarings van 'n Senior Advokaat)

**Adv Sam Maritz SC**

Sam Maritz is gebore in die Wes-Rand, en het in Kimberley matrikuleer. Na verwerwing van 'n BA.LLB by die Universiteit Pretoria, word hy as advokaat toegelaat en werk by die kantoor van die Prokureur-Generaal in Pretoria. Daarna dien hy as leerklerk in Vryburg en Windhoek waar hy as prokureur toegelaat is, maar hy praktiseer nooit as prokureur nie.

In 1978 is Sam weer as advokaat toegelaat, en praktiseer in Pretoria. In 1985 verwerf hy die status van senior advokaat, Senior Consultus (SC). Terwyl hy praktiseer het hy 6 of 7 keer vir 3 maande tydperke as regter in die Hooggeregshof waargeneem. In 2020 verlaat hy die Balie, maar bly aan as geassosieerde lid tot Junie 2020. In daardie jaar verhuis Sam na Stilbaai.

In die praatjie gesels Adv Maritz oor sy ervarings as senior advokaat. Hy vertel van o.a. die samestelling van die hof, prosedures, en die rol van 'n advokaat vs die rol van 'n prokureur. Dan praat hy van 'n aantal van sy persoonlike ondervindings met verskeie interessante persone en ook van ander aspekte van die hofstelsel en noem sekere persoonlike belangstellings.

# NEWS BULLETIN

**AUGUST 2022**

## MONTHLY MEETING

**Monday, 29 August 2022 @ 10h00**
**Die Waenhuis, Jagersbosch**

### "UIT DIE VUIS"
### (Experiences of a Senior Advocate)

**Adv Sam Maritz SC**

Sam Maritz was born in the West Rand and matriculated in Kimberley. After graduating with a BA.LLB from Pretoria University, he was admitted as an advocate and worked in the office of the Attorney-General in Pretoria. Subsequently he served as articled clerk in Vryburg and Windhoek and was admitted as attorney, but he never practised as an attorney.

In 1978 Sam was again admitted as advocate and practised in Pretoria. In 1985 he obtained the status of senior counsel, Senior Consultus (SC). While in practice he acted as judge in the Supreme Court 6 or 7 times for 3-month periods. In 2020 he left the Bar, but remained on as an associate member till June 2020. In that year Sam settled in Stilbaai.

In the talk Adv Maritz chats about his experiences as senior advocate. He discusses, inter alia, the composition of the court, procedures, the role of an advocate vs that of an attorney. He relates some of his personal experiences with several interesting persons, and then also his experiences with other aspects of the courts system and mentions some personal interests.

## NAAMKAARTJIES

As jou ledegeld vir 2022 betaal is, kan jy jou naam-kaartjie kry by 'n maandelikse vergadering. As jy nie maandelikse vergaderings kan bywoon nie, vra

## NAME TAGS

If you have paid your membership fee for 2022, your name tag can be collected at a monthly meeting. If you cannot attend monthly meetings, please ask your

asseblief jou groep-leier om jou naamkaartjie te kry. Gebruik asseblief jou ou kaarthouer vir die nuwe kaartjie.

group leader to get your name tag. Please use your old card holder for the new card.

## BOTANIESE UITSTAPPIES GROEP

Deskundiges met kennis van die unieke veldplante van ons omgewing sal uitstappies in die veld lei om die plante te bespreek en uit te wys. As daar voldoende belangstelling is sal ons 'n groep stig vir hierdie uitstappies.

**Hoe dikwels?** Voorlopig is die plan om een of twee keer 'n maand tydens die lente en somer te stap, en minder in die herfs en winter maande.

**Hoe lank vir elke uitstappie?** Elke staptog sal so 2 na 2½ uur duur.

**Hoeveel mense vir elke staptog?** Om te verseker dat alle deelnemers voordeel trek uit die staptog, sal elke stap beperk word tot 10 persone. As meer mense by die groep aansluit, sal ons duplikaat uitstappies reël om almal te akkommodeer.

**Hoe moeilik is die staptog?** Deelnemers moet paadjies soos dié in Pauline Bohnen kan hanteer; die groep sal nie vinnig stap nie en sal herhaaldelik stop om plante te besigtig en te bespreek.

**Kostes?** U moet u eie vervoer na en van die plek waar gestap word gebruik. 'n Kursusfooi van R5 is ook betaalbaar - dit gaan na U3A fondse.

**Hoe sluit ek by die groep aan?** As u belangstel, kontak ons by info@u3astilbaai.org met u naam en kontak details. Die groepleier sal 'n WhatsApp groep saamstel om u te kontak, u selnommer is dus belangrik.

**Net lede van U3A Stilbaai mag aansluit by die groep.**

## BOTANICAL WALKS GROUP

Experts with knowledge of the unique vegetation of our region will lead walks in the veld to discuss and demonstrate the plant life. If there is sufficient interest, we will establish a group for these walks.

**How often?** It is planned to walk once or twice a month during the spring and summer, and less during the autumn and winter months.

**How long for each walk?** Each walk should last about 2 to 2½ hours.

**How many people on each walk?** To ensure that all participants benefit from the walk, each walk will be limited to 10 people. If more people join the group, we will organise duplicate walks to accommodate everybody.

**How demanding is the walk?** Participants must be able to manage trails like those in Pauline Bohnen; the group will not walk fast and will stop repeatedly to view and discuss the plants.

**Costs?** You must use your own transport to and from the place where the walk takes place. A course fee of R5 is also payable - this goes to U3A funds.

**How do I join the group?** If you are interested, contact us at info@u3astilbaai.org with your name and contact details. The group leader will form a WhatsApp group to contact you, your cell number is thus important.

**Only members of U3A Stilbaai may join the group.**

## KOM GEE ONS 'N PRAATJIE

Daar is soveel interessante mense in Stilbaai wat net stil-stil hier afgetree het, en van wie mens min hoor of weet. Elkeen het 'n interessante verlede, of dalk 'n interessante ondervinding gehad, waarvan ander graag sal wil hoor.

Kom gee ons 'n praatjie hieroor, ons soek altyd na onderwerpe anders as die gewone (maar die gewone kan dikwels ook baie interessant wees).

Kontak ons by info@u3astilbaai.org as u 'n praatjie kan gee. As u hulp nodig het om 'n PowerPoint vertoning saam te stel, kan ons help.

## COME GIVE US A TALK

There are so many interesting people in Stilbaai who retired here quietly, and of whom we know or hear little. Each has an interesting past, or perhaps had an interesting experience, of which others would like to hear.

Come give us a talk about this, we are always looking for subjects different to the usual (but the usual can often also be very interesting).

Contact us at info@u3astilbaai.org if you can give us a talk. If you need assistance to prepare a PowerPoint presentation, we can help.

## U3A STILBAAI GROEPE

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite vir lede aanbied. Meer inligting oor die groep aktiwiteite is op ons webtuiste: www.u3astilbaai.org.

- **Aandele Groep**: Die groep bly in kontak per epos. Kontak Deon by deonenelaine@gmail.com.
- **Astronomie groep**: As u by die groep wil aansluit, kontak Deon by begemannd@gmail.com.
- **Fotografie Groep**: Enige lid wat belangstel om by die groep aan te sluit kan Richard by rwebb01@gmail.com kontak.
- **Neurowetenskap Groep**: Kontak Jenni by jennisharkey@gmail.com indien u by die groep en/of die Zoom praatjies wil aansluit.
- **Stapgroep**: Die groep stap normaalweg op Vrydag oggende. As u by die groep wil aansluit, kontak Karl-Heinz by karl-heinz@wispernet.co.za.
- **Voëlgroep**: Kontak Krysia by krysiastenvert @gmail.com indien u belangstel om by die groep aan te sluit. Meer inligting is op www.u3astilbaai.org /birdgroup.

## U3A STILBAAI GROUPS

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members. More information about the group activities are on our website: www.u3astilbaai.org.

- **Astronomy Group**: If you are interested in joining the group, contact Deon at begemannd@gmail.com
- **Bird Group:** Contact Krysia at krysiastenvert @gmail.com if you are interested in joining the group. More information is available on www.u3astilbaai.org /birdgroup.
- **Hiking Group**: The group normally hikes on Friday mornings. If you want to join the group, contact Karl-Heinz at karl-heinz@wispernet.co.za.
- **Neuroscience Group**: Please contact Jenni at jennisharkey@gmail.com if you are interested joining the group and/or the Zoom talks.
- **Photography Group**: Any member interested in joining the group can contact Richard at rwebb01@gmail.com.
- **Shares Group**: The group remains active via email. Contact Deon at deonenelaine@gmail.com.

## SEPTEMBER MAANDELIKSE PRAATJIE

**Maandag, 26 September in Die Waenhuis**

Johan Buys praat oor "Pare, Huwelike en Wiskunde"

## SEPTEMBER MONTHLY TALK

**Monday, 26 September in Die Waenhuis**

Johan Buys talks about "Matchings, Marriages and Mathematics."

©2022. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.